

29 Augustus

Efesiërs 6:1-9; Sondag 39

Eer jou vader en jou moeder

"Eer jou vader en jou moeder". So begin die vyfde gebod. In die kring van die huisgesin word die kind geleer dat hy aan sy ouers alle eer, liefde en trou moet bewys. Die teuels van gesag is hier nie in die hand van 'n wrede tiran nie, maar in die hande van 'n liefdevolle vader en moeder. In die huisgesin word die kind se fondament vir sy latere lewe vasgelê. Daar word die liefdesband gesmee en word die kind geleer om in gehoorsaamheid aan sy ouers alle eer, liefde en trou te bewys. So plaas die kategismus die gesin onder die banier van God se liefde en gehoorsaamheid. Jesus sê: "Wie My liefhet bewaar My geboorte". Indien die liefdesband tussen ouer en kind sterk en stewig is, sal kinders met onvoorwaardelike gehoorsaamheid hulle aan die gesag van hulle ouers onderwerp. Waarom is kinders soms so opstandig? Is dit nie omdat ouers kinders nie van kleins af gedissiplineer het nie? Vir kinders geld die opdrag: "Eer jou vader en moeder", maar aan ouers geld die opdrag: "Leer jou kinders van kleins af om gesag te aanvaar". Om jou vader en moeder te eer beteken verder dat kinders met ouers se swakhede en gebreke geduld moet hê. Ouers is ook soos alle mense in sonde ontvang en gebore. Ook ouers is net soos kinders nie volmaak nie. Daarom, indien ons onthou hoeveel geduld die Here met ons het, dan sal die kinders altyd met hulle ouers se swakhede geduld hê.

Sing: Psalm 119:1

Ds. P.J. van der Walt (Ladybrand/Tweespruit)